

Deur die geloof alleen

Teks: Lukas 7: 36 - 50 & Sondag 23
Teksvers: Lukas 7: 50

1. Inleiding

Vanaand in ons leerdiens fokus ons op een van die sentrale gereformeerde beginsel, of soos ons dit ook ken as die vyf “sola’s” in Latyn. Ons fokus is dan op die tweede sola, naamlik sola Fide, of “Deur die geloof alleen” wanneer ons dit in Afrikaans vertaal. Vandag word hierdie beginsel wyd in die Christelike geloof aanvaar en verken. Maar dit was nie so eenvoudig in die sestiende eeu nie.

Want die rooms katolieke kerk van die tyd het die siening dat die Here en ons saamwerk aan ons regverdiging gehuldig. Toe die hervormer Martin Luther egter die bybel in duits vertaal en die word alleen in Romeine 3:28 invoeg om regverdiging op grond van geloof alleen te beklemtoon, is hy verketter. Die Sinode van trent het hom sterk hieroor uitgespreek en hierdie standpunt heeltemal verwerp. Tog hou ons nie uit tradisie of blote oorgelewerde gebruike vas aan hierdie oortuiging nie. Vir ons is dit ’n skrifwaarheid wat in ’n belydenis opgesom word. Dit is dan ook in Sondag 23 van die kategismus wat ons hierdie saak bely.

Om presies te verduidelik wat ons bely in Sondag 23 draai ons vanaand die

fokus na die aardse bediening van ons Here Jesus Christus. In ons teksgedeelte vanaand word Jesus genooi na ’n maaltyd aan huis van die Fariseër Simon. Wat van die begin af belangrik is, is die feit dat Jesus geen eregas is nie. Ons kan sê dat Hy op ’n heel standaard manier ontvang en hanteer is. Die probleem vir Simon die Fariseër, is dat Jesus skynbaar die sonde in Sy Huis inbring.

Natuurlik is ons Here Jesus Christus heeltemal sondevry. Maar daar agter Sy voete is ’n vrou wat ’n sondige lewe gelei het. Kom luister na die woorde van ons Here Jesus Christus.

2. Gekniel agter Jesus se voete

Die ironie in die saak is dat dit die profetiese gawe van Christus is, wat betwyfel word deur Simon die Fariseër. Hy kan nie verstaan dat Jesus hierdie onrein vrou hom laat aanraak nie. Maar bonatuurlik weet Jesus presies hoe en wat Simon die Fariseer dink. Die verkeerde ingesteldheid wat in hierdie Fariseër leef gaan nou geopenbaar word. Dit is nodig sodat almal daar, en deur die genadige werking van die Heilige Gees ook ons hier vanaand presies kan verstaan hoe regverdiging voor God dan werk.

Die eerste probleem kan ons beskryf met die term op gelyke voet. Die

Fariseërs Simon nooi vir Jesus uit om meer van Hom te leer ken. Maar ons kan duidelik op die manier waarop Jesus ontvang en behandel word sien dat Simon hom op die meeste sien as sy gelyke. 'n Mede leermeester of iemand soortgelyk. Simon die Fariseër ag dit duidelik nie nodig om enige spesiale behandeling aan Jesus te gee nie. En hier kom die eerste struikel blok van geloof in.

Die vrou aan die ander kant, besef haar plek en status teenoor Jesus. Sy sien letterlik nie eers kans om voor Sy aangesig te verskyn nie. Die vrou gaan staan agter Jesus, en dan verneder sy haarself nog verder. Sy kniel by Jesus se voete, want die blote teenwoordigheid van die Verlosser oorweldig haar emosies heeltemal. Haar trane val op Jesus se voete en sy moet afdroog, somer met haar eie hare. Ons sien geloof in aksie. Ons sien 'n verwagting van 'n genadebewys van iemand groter. Ons sien dit in kontras van 'n gesindheid van Simon, wat Jesus op die proef stel. Wat verwag dat Jesus darem eers moet bewys wie Hy is, en tot wat Hy in staat is.

3. Die geldskierter skryf af

Dit is juis op hierdie punt belangrik om die fyner besonderhede van Jesus verduideliking raak te sien. Om nie die les oor regverdigmaking by die groot Leermeester te mis nie. Voor die geldskierter in vers 41 en 42 is beide mense gelyk. Nie een van die twee is in staat om hulle eie skuld te vereffen nie.

Die feit dat die een baie geld skuld en die ander een min verander nie hierdie feit nie. Die geld moet deur iemand anders betaal word, of die geldskierter moet dit kwytskeld, anders is daar geen hoop nie.

Dit is hierin wat ons die ander belangrike les van regverdigmaking voor God sien. Ons is nie in staat om dit self te laat geskied nie. Dit is nie 'n transaksie wat ons kan voltrek nie. Daarom kan ons nie bloot goeie werke doen om regverdigmaking te verdien nie. Nee, die Verlosser kom in ons plek die skuld vereffen. Daarom is dit belangrik om altyd te besef dat ons net regverdig gemaak en gered word, op grond van die volmaakte offer wat Jesus Christus in ons plek gebring het. Maar waar kom geloof dan in.

Omdat hierdie regverdigmaking en verlossing so ver binne ons verstaan en wêreld is, is geloof die gereedskap wat ons in staat stel om dit ons eie te maak. Daarom word dikwels na geloof verwys as die hande waarmee ons die verlossing in Christus kan aangryp. Of die houer waarin ons dit kan ontvang. En dit is hier waar die geloof alleen staan. Daar is geen ander gereedskap, hande of houer waarmee ons die Verlossing in ons Here Jesus Christus ons eie kan maak nie. Dit is net deur geloof alleen wat ons verbind word aan hierdie genadige verlossing. Daarom die woorde aan die vrou in ons teksvers : “Jou geloof het jou gered”

4. Graad van dankbaarheid

Die eintlike boodskap wat Jesus wil oordra aan die Fariseër, gaan oor die graad van dankbaarheid. Dit is duidelik in Sy vraag aan die Fariseër in vers 42: “Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?” Dit is duidelik uit die antwoord van Simon in vers 43 dat hy hierdie les van Jesus verstaan. Tog is dit juis die punt van gered in geloof alleen. Want terwyl Simon duidelik hierdie les van die Here verstaan, beteken dit nog nie dat hy gered is nie. Want redding kom nie op of as gevolg van logiese redenasies en uitlegte nie.

Indien ons dit nog verder wil ontleed kan ons sê dat dit uiteindelik net die een been van geloof soos dit in Sondag 7 van die kategismus aan ons verduidelik word. Dit is dan net ’n vasstaande kennis. Daar is geen vaste vertroue dat hierdie kennis tot my voordeel strek nie. Uiteindelik word so ’n kennis maklik geërodeer deur kritiek en ander sienings. Maar wanneer daardie kennis met ’n vertroue gepaard gaan. Daardie oortuiging wat net deur die Heilige Gees in ons gewerk kan word, dan het ons geloof.

Die laaste bewys dat dit geloof genade is wat aan ons geskenk word, is die dankbaarheid wat verduidelik word in ons teksgedeelte. ’n Mens is tog nie dankbaar vir iets waarvoor jy self hard gewerk het nie. Nee, daarop is ’n mens eerder trots. En dit is tog duidelik uit hierdie gedeelte dat dit oor dankbaarheid gaan. Geloof is genade

Aand Preek

waarop ons in dankbaarheid antwoord. Hierdie dankbaarheid is dan dit wat ook uiteindelik in daad gesien word. Dit is duidelik dat die vrou in ons teksgedeelte iets doen. Maar dit is nie hierdie goeie werk wat haar red nie. Nee hierdie daad spruit voort uit die geloof waarin sy alreeds gered is, soos dit bevestig word in ons teksgedeelte.

5. Slot

Ons kan hierdie prediking afsluit met ’n laaste opsomming oor geloof. Want verlossing kan net deur geloof geskied. Die eerste saak is dat geloof net ’n saak van genade is. Daar word geen prestasie of verdienstelik aan geloof gekoppel nie. Dit is duidelik uit ons teksgedeelte dat geloof iets is wat eers ontvang word, en dan spruit dit voort in daad. Geloof is dus nooit iets waarop ek kan trots wees nie.

Die ander saak oor geloof is dat dit eintlik lynreg teen oor verifieerbare feite staan. ’n Mens glo in tog iets wat jy nie noodwendig kan sien, hoor of meet nie. Maar anders as die wêreld om ons erken ons as die kerk dat ons met geloof werk. Dat dit waarvan ons praat en leer, soveel groter is as ons klein menslike verstand. Ons weet ’n mens sal net so min as wat jy die afskryf van iemand se skuld kan verduidelik, verduidelik waarom ’n mense in genade gered word.

Ons kan nie aan ’n wêreld ’n verstaanbare verduideliking gee oor die verlossing en redding op grond van die

volmaakte offer wat Christus in ons
plek gebring het nie. Maar ons kan vir
die wêreld gaan vertel. Ons kan die
evangelie gaan verkondig. Trouens dit
is juis ons groot opdrag. Want wanneer
mense ook die evangelie hoor, kan die
Heilige Gees ook die geloof binne hulle
werk. Daarom bly dit ons groot opdrag.
Want uiteindelik kan redding net deur
geloof in sterwe en opstanding van ons
Here Jesus Christus gebeur.

Amen